

Vrydag 1 Maart

Skrifgedeelte: Josua 1:1-9

Fokusgedeelte: Josua 1:9

Verwerf dit wat jy erf

Om 'n Christen te word, is redelik maklik: jy kan binne 'n Christelike huis gebore word, of op 'n stadium besluit om die Here Jesus as jou Verlosser aan te neem. Om egter as Christen in 'n nuwe lewe te staan, is nie so maklik nie.

Josua en die volk Israel staan op die drumpel van Kanaän, maar hulle beloofde land was beset! Hulle woongebied was vol heidene en goddeloosheid. Hiervan sou hulle ontslae moes raak. Veertig jaar tevore was hulle ook hier, maar toe het hulle moed hulle begewe. Daarom moes hulle terug, die woestyn in.

Die Here het by jou doop aan jou 'n nuwe lewe beloof. Maar jy moet dit, soos Israel destyds, in besit gaan neem. Ons elkeen se lewe word deur vyande beset. Satan, die wêreld en ons sondige natuur beset groot stukke van ons lewe. As jy nie van hulle ontslae raak nie, sal jy nie jou nuwe lewe in besit kan neem nie.

Die Here praat met Josua: *Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here, jou God, is by jou oral waar jy gaan.* Israel moes gaan verwerf wat hulle geërf het ...

Om die nuwe lewe in Christus in besit te neem, vra stryd. Daarom moet ons elkeen ons wapenrusting aantrek (Ef. 6). In vers 7 sê die Here aan Josua: *Wees veral sterk en vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het.* Dit is mos dieselfde wet waarvan die Here Jesus praat as Hy sê: *Jy moet God bo alles liefhê en jou naaste soos jouself.*

Die Here leer ons duidelik in sy Woord hoe om te lewe. Ons kan oorwin as ons aan ons Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus, vashou. Hy maak ons mos meer as oorwinnaars (vgl. Rom. 8:37)!

Gryp vas aan die Here Jesus en veg onder leiding van die Heilige Gees, dan sal jy oorwin en jou ewige erfenis in besit neem.

Sing: Psalm 68-1:1, 2

Dr. DJ de Kock (Danie) (Krokodilrivier)